# <u>Sola Deo Gloria – Aan God alleen die eer.</u> **Vry. 6 Nov. 2020**

# Rom 11:33-36

**<u>Sing</u>:** <u>**Lied 202**</u> "Prys Hom die Hemel-vors, op sy verhewe troon;."

## <u>LEES</u>: Rom 11:33-36

**<u>Die Vyf Solas is die volgende:</u>**

- Sola Scriptura – die Skrif alleen.
- Sola gratia – genade alleen.
- Sola fide – geloof alleen.
- Solo Christo – Christus alleen.
- Sola Deo gloria – aan God alleen die heerlikheid.

**<u>Inleiding</u>** Ons het die Solas van die Reformasie bespreek die afgelope paar kere. Vandag sluit ons af met die laaste een, nl. **Sola Deo Gloria – Aan God alleen die eer**. Sekerlik een van die mooiste en aangrypendste lofverheffings wat tot eer van God gegee word, lees ons van in Rom 11:33-36. Daarom wil ek dit eers lees:

## <u>Rom 11:33-36</u>

**33** O diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God!
Hoe ondeurgrondelik is sy oordele, hoe onnaspeurlik sy weë!
**34** "Wie ken die bedoeling van die Here? Wie gee Hom raad?
**35** Wie bewys Hom 'n guns, sodat Hy verplig is om iets terug te doen?"
**36** Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan Hom behoort die heerlikheid tot in ewigheid! Amen."

**<u>God moet geëer word, omdat Hy God is.</u>** Paulus sluit hierdie skrifgedeelte af met 'n doksologie, 'n lofverheffing, 'n lied wat ons in **verwondering** laat staan voor God. Want juis in hierdie afsluiting gaan dit alleen om die eer van God, omdat Hy so ontsettend groot en almagtig is. Juis in hierdie afsluiting besing Paulus God se ondeurgrondelikheid, sy onnaspeurlikheid. Dit gaan net daaroor dat ons God kan en wil en moet eer en verheerlik. As ons heirdie gedeelte lees staan ons voor die Almagtige God, die Alwyse God, die Alwetende God, die Skepper God, die Verbonds God. Teenoor God word ons as mense beskryf as klein en nietig wat nooit alles kan of sal verstaan nie. Want Paulus beskryf hier sy eie verganklikheid en beperktheid teenoor die eer en grootheid van God.

**<u>Rom 11:33 openbaar dat die Here se rykdom, wysheid en kennis onmeetlik is.</u>** Dit openbaar die rykdom en wysheid en kennis van God! Ons begrip is klein en ons insig beperk. God het volkome insig in alles. Die woord **"onnaspeurlik"** wat Paulus in Rom 11:33 gebruik is 'n woord wat vir **spoorsny** gebruik word. Hierdeur wil hy sê dat God voetspore nalaat wat ons nie altyd kan volg nie. Ons kan nie Sy denkproses of die aksies wat Hy uitoefen, ten volle verstaan nie. vgl Jes 55:8-11

## Jes 55:8,9

**8** "My gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle optrede nie soos Myne nie, sê die Here;
**9** soos die hemel hoër is as die aarde, so is my optrede verhewe bo julle optrede en my gedagtes bo julle gedagtes."

**Drie retoriese vrae word gevra om God te verheerlik. Rom 11:34-35**

**Die eerste retoriese vraag:**

**"Wie ken die bedoeling van die Here?"** (Rom11:34).

**Die antwoord**: **Niemand nie!** Dit het ons gelees in Jes 55:8,9

**Die tweede retoriese vraag is:**

**"Wie gee vir die Here raad?" (Rom11:34).**

**Die antwoord**: **Niemand nie!**

Ja ons almal het dikwels iemand wat vir ons moet help en raadgee, hetsy 'n kollega, 'n senior, 'n dominee of wie ookal. Ons het dikwels 'n mentor nodig.
Maar nie God nie, want Hy is die Skepper van alles.

**Die derde retoriese vraag is**:

**"Wie bewys Hom 'n guns dat Hy verplig is om iets terug te doen?"** (Rom 11:35).

**En weer is die antwoord duidelik: Niemand nie!**

Ons doen niks uit onsself omdat ons so goed is nie, al dink ons soms so. Dit is God se genade aan ons wat maak dat ons is wat ons is. En as ek iets goeds gedoen het volgens die Bybel, uit 'n ware geloof, volgens die wet van God, dan skuld God my nog steeds niks nie. Alles is genade uit sy Vaderhand.

Daarom staan ons in verwondering dat hier Almagtige God, ons as klein mensies versorg en liefhet.
Daarom wil en moet ons aan Hom alleen die eer toebring vir sy Genade.

**Sola Deo Gloria - Aan God alleen die eer.**

**Amen** (ds. Gerrit Kruger. 0829645595)